‘N BYBELSTUDIEREEKS OOR 2 KORINTIËRS

# ‘N SKAT IN KLEIPOTTE

Geloof vir die alledaagse lewe

NG kerk Ysterplaat, Tableview, Groote kerk & Drieankerbaai

# Welkom

## OP HIERDIE SEWE-WEKE-REIS

Kom kuier saam met ons in Korinte…

Korinte is 'n klein stadsgemeente, 'n groepie gelowiges wat amper wegraak in dié besige hawestad. Daar is so 'n paar mense tussen hulle wat dalk ryk of belangrik is, maar hulle is meestal maar doodgewone mense, nie die soort mense wat die geskiedenisboeke haal nie: "Menslik gesproke, is daar onder julle nie baie wyses, nie baie invloedrykes, of mense van adellike afkoms nie," skryf Paulus vir hulle (1 Korintiërs 1:26)

Wat weet ons nog van hulle? Ons weet dat hulle klieks vorm. Die een groepie dink hulle is beter as die ander, of slimmer as die ander, of meer "geestelik" as die ander. Ons weet ook dat die rykes nie eintlik sensitief was vir hoe die armes dinge ervaar het nie (1 Korintiërs 11). Daarby het hulle lewens beslis nie altyd mooi geloop nie en het sommige van hulle dinge aangevang wat deesdae dalk die Sondagkoerante sal haal.

'n Doodgewone gemeente dus, nie só anders as wat gemeentes deesdae is nie.

Ons weet ook dat Paulus die gemeente gestig het en die fondament vir hulle gemeentelewe gelê het, maar dat daar agterna ander "apostels" gekom het. Hulle was mense met voortreflike aanbevelingsbriewe, iets wat in hulle wêreld baie getel het.

Daarby was hulle indrukwekkende sprekers en kon hulle aanspraak maak op allerhande wonderlike gawes en opspraakwekkende visioene. Hulle was dus mense wat godsdienstige sukses uitgestraal het – en die Korintiërs was omtrent beïndruk met hierdie super-apostels. Teen hulle het Paulus sleg afgesteek: nie die beste prediker nie, nie die indrukwekkendste voorkoms nie – 'n swakkeling, het die super-apostels gereken, iemand wie se gesondheidsprobleme maar te duidelik gewys het dat hy nié die krag van God in hom het nie.

In Paulus se afwesigheid het hierdie apostels met hulle sukses-godsdiens koning gekraai in die gemeente in Korinte. Dit het Paulus se hart gebreek, nie net omdat mense vir wie hy lief is, hom verwerp het nie, maar ook omdat hy nie anders kon as om te dink dat hierdie mense se sukses-godsdiens nié die evangelie van die gekruisigde Christus is nie.

2 Korintiërs is Paulus se hartbreek-brief, die brief (of dalk briewe wat later saamgevoeg is) waarin hy eerlik en padlangs praat oor wat tussen hom en die gemeente in Korinte aangegaan het. As jy dalk voel:

- asof die kerk onbenullig en onbelangrik geword het en wegraak in die groot stad;
- asof die kerk jou (of ander mense) teleurstel en seermaak;
- asof jy nie verstaan hoekom God jou nie meer suksesvol (ryker, gesonder, gewilder, of wat ook al) maak nie…

dan is 2 Korintiërs die brief vir jou.

Daarom nooi ons jou: kom kuier die volgende sewe weke saam met ons in Korinte!

# WEEK 1: DIS ALLES NET TE VEEL

## 2 Korintiërs 1:1-11

(Daar sal op Sondag 23 Januarie oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**
Vertel mekaar hoe julle 2022 tot dusver ervaar. Het die jaar met jou begin weghardloop? Of voel jy in beheer? Sien jy kans vir die jaar wat kom? Of is jy onseker?

**GEBED**
Dit sal goed wees as julle groep elke week 'n kers wat in 'n kleihouer staan, kan aansteek as herinnering daaraan dat ons praat oor krag in swakheid, oor die skat in kleipotte. Nadat die kers aangesteek is, kan julle 'n oomblik gee vir stil gebed of anders kan een van die groepslede 'n gebed doen.

**SKRIFLESING**
2 Korintiërs 1:1-11

**AGTERGROND**
In 1 Korintiërs 16:5-6 het Paulus belowe om die gemeente weer te besoek. Blykbaar het dinge tydens daardie besoek lelik skeefgeloop, met openlike konflik tussen Paulus en die "super-apostels." Paulus wou daarna vir 'n derde keer kom kuier, maar die situasie was te gespanne en hy het van plan verander (2 Korintiërs 1:23 en 2:1) om homself en die gemeente onnodige pyn te spaar. Hy skryf daarom 2 Korintiërs in 'n poging om die verhouding só te herstel dat hy sy voorgenome derde besoek kan bring.

**DINK**
As jy Paulus se openingswoorde in 1:1-11 lees teen die agtergrond van die brief, wat maak dit by jou wakker? Hoe sou jy, as gemeentelid in Korinte, hierdie woorde ervaar het as dit in die erediens voorgelees is?

**DELF**

1.Lees weer deur die Skrifgedeelte. Op watter maniere probeer Paulus doelbewus brûe bou tussen homself en die gemeente?

2.In 1:3-7 praat Paulus oor die lyding en bemoediging waarin hy en die gemeente deel en noem hy God "die God van alle bemoediging." Gesels oor wat die woord "bemoediging" ('n ouer vertaling sê "troos") vir jou beteken. Op watter maniere bemoedig God ons in swaarkry – en waarom sou Paulus juis dié eienskap wou beklemtoon in sy brief aan hierdie gemeente?

3.In 1:8-9 praat Paulus padlangs oor sy swaarkry en oor die emosionele impak daarvan, naamlik dat dit "ver bo ons kragte" was en dat "ons selfs aan ons lewe gewanhoop het." As jy dink daaraan dat sy swakheid juis die groot punt van kritiek was wat die "super-apostels" teen hom gehad het, waarom sou hy soveel moeite doen om die gemeente hiervan te vertel?

4.Was jy al in 'n situasie waarin dit vir jou gevoel het: "Dit is alles net te veel!"? Hoe maklik was dit vir jou om met ander Christene daaroor te praat? En hoe het jy hulle reaksie beleef?

5.Hoe oop is jy daarvoor dat mense hulle ervarings dat dinge te veel is en dat hulle wanhopig raak, met jou deel? Hoe reageer jy as iemand "hart oopmaak" soos wat Paulus hier doen?

6.Dink julle ons kan vandag nog in die slaggat trap van 'n "wen-godsdiens" wat neersien op mense se swakheid en wat dit vir mense moeilik maak om eerlik te wees oor die dinge wat vir hulle te veel is?

**SAAMVAT**

Wie is daar wat dalk nodig het om te hoor van God as die "God van alle bemoediging"? En hoe gaan jy by daardie mens uitkom?

**NOTAS**

_____

_____

_____

_____

_____

_____

# WEEK 2: GOD VERANDER ONS

## 2 Korintiërs 3:1-18

(Daar sal op Sondag 30 Januarie oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**
Dink jy mense kan regtig verander? Dink jy godsdiens help mense om te verander? Kry jy dit reg om die dinge in jou lewe wat jy weet nie reg is nie, te verander?

**GEBED**
Dit sal goed wees as julle groep elke week ‘n kers wat in ‘n kleihouer staan, kan aansteek as herinnering daaraan dat ons praat oor krag in swakheid, oor die skat in kleipotte. Bid dat die Here ons deur sy krag sal verander.

**SKRIFLESING**
2 Korintiërs 3:1-18

**AGTERGROND**
Paulus is nie altyd maklik om te lees nie – en in hierdie gedeelte is hy nogal ingewikkeld. Dit sal help as jy die volgende in gedagte hou. Die kwessie van aanbevelingsbriewe was deel van die “super-apostels” se kritiek teen Paulus. Paulus wys daarom na die gelowiges in Korinte as sy aanbevelingsbriewe. Die verandering wat in hulle lewens plaasgevind het, wys dat die Gees aan die werk is deur Paulus. Paulus kontrasteer dan ‘n godsdiens “van die letter” met die werk van die Gees. Menslike godsdienstigheid, hoe indrukwekkend ook al, verander nie harte nie, wil Paulus sê – maar die Gees verander ons wel.

**DINK**
Wat in hierdie gedeelte is vir jou moeilik om te volg? Wat raak jou aan? Wat, dink jy, is die belangrikste ding wat ons uit hierdie gedeelte kan leer?

**DELF**

1.Paulus het baie kritiek teen die gemeente in Korinte – en as jy die twee briewe aan die Korintiërs deurlees, kry jy sterk die indruk dat hulle nie al te indrukwekkend is nie. Nogtans noem hy hulle "duidelik 'n brief van Christus." Op watter manier is ons gemeentes, met al hulle foute, briewe van Christus? Wat, dink julle, wil God graag hê moet "alle mense" in daardie briewe kan lees?

2.Gesels met mekaar oor die verskil tussen die verbond van die letter en die verbond van die Gees: die verbond waarin die wet met sy eise op kliptafels aan ons voorgehou word en die verbond waarin die Gees in ons werk. Hoe weet ek of ek in my geloofslewe by die letter of by die Gees is? (Kyk ook na vers 9 se onderskeid van "die bediening van lei tot veroordeling" en "die bedeling wat lei tot regverdiging.")

3.Wat, dink julle, wil Paulus sê met sy beeld van Moses wie se gesig versluier is, terwyl ons "met ontsluierde gesigte" kan leef? Hoe hou dit verband met wat hy in 3:12 ons "groot vrymoedigheid" noem, en met sy aandrang in 6:11-12 dat die Korintiërs hulle harte vir hom wyd moet oopmaak?

4.Mense sê soms dat die kerk kwaaier moet wees oor sonde en strenger reëls moet hê. Die gedagte daaragter is dat mense 'n kwaai godsdiens (en kwaai God!) nodig het om te kan verander. Dink julle dit is regtig hoe mense verander? Wat is jou eie ervaring?

5.Wat is die verband tussen die werk van die Gees, ons ervaring van ons eie onbekwaamheid, en 'n geloof waarin ons vrymoedig en openhartig voor God en mekaar kan leef, en die verandering wat die Gees in ons tot stand bring?

**SAAMVAT**

Hoe gaan jy daarna streef om hierdie week meer te fokus op hoe die Gees ons lewens verander – en om daardie hoop met ander mense te deel?

**NOTAS**

_____

_____

_____

_____

_____

# WEEK 3: 'N SKAT IN 'N KLEIPOT

## 2 Korintiërs 4:1-15

(Daar sal op Sondag 6 Februarie oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**
Deel met mekaar wat beteken dit vir jou om broos te wees. Waar het jy al ooit (dalk onlangs) gewaag in jou broosheid?

**GEBED**
Dit sal goed wees as julle groep elke week ‘n kers wat in ‘n kleihouer staan, kan aansteek as herinnering daaraan dat ons praat oor krag in swakheid, oor die skat in kleipotte. Bid dat die Here ons die moed sal gee om broos te wees; om sterk te wees in ons swakheid. Julle kan vir verskillende mense geleentheid gee om te bid.

**SKRIFLESING**
2 Korintiërs 4: 1-15

**AGTERGROND**
Van die woorde wat Paulus die meeste in 2 Korintiërs gebruik, het te doen met swakheid, diens, lyding en verdrukking. Daarteenoor gebruik hy ook konsepte soos vreugde en mag. Paulus beskryf heeltyd die bediening met hierdie teenstrydighede. In ons teks vandag is hierdie teenstrydigheid nog meer sigbaar - ons is soos breekbare kleipotte, wat ‘n kosbare skat bevat. Dit is sodat almal sal besef dat alles aan God te danke is, en nie aan ons nie. Hierdie teenstrydigheid was só sigbaar in Jesus - God wat mens geword het, en nie mense met mag probeer beïndruk nie. Inteendeel, was Jesus se grootste oorwinning, deur sy dood as ‘n uitgeworpene aan ‘n kruis. David Bosch beskryf hierdie tema in 2 Korintiërs as “the courage to be weak.” Hy gaan sover om te sê dat swakheid ‘n ware eienskap is van die apostoliese bediening en dat broosheid of weerloosheid nodig is vir verandering en bekering. Pádraig Ó Tuama skryf dat waagmoed die mengsel is tussen vrees en uitkoms en dat dit verder net bestaan wanneer ons iets daaraan doen. Ons word aangemoedig om te beweeg, van ons vrees en swakheid, tot ‘n plek waar ons, met God se krag, iets kan dóén.

**DINK**

Watter woord of frase in die teks val jou die meeste by? Watse gevoel wek dit by jou op?

**DELF**

1.In vers 1 sê Paulus dat hulle hul bediening het, op grond van die ontferming wat aan hulle betoon is, en dat hulle daarom nie moed opgee nie. Hoe dink julle het hierdie ontferming (deur mense en God) beïnvloed hoe Paulus se bediening gelyk het? Het hy dalk dinge anders gedoen?

2.Lees weer vers 7-10. Onthou dat die aanvanklike hoorders baie teenkanting beleef het en selfs gemartel en vervolg was. Hoe verander dit jou verstaan van díé gedeelte? Hoe beïnvloed dit jou verstaan van wat Paulus bedoel met krag in swakheid?

3.Vers 10 is ‘n kragtige vers wat handel oor die verband tussen Jesus se sterwe en sy lewe. Wat dink julle bedoel Paulus hiermee? Wat beteken dit om “Jesus se sterwe met ons rond te dra”? Hoe kan dit ons lei tot lewe?

4.Tot dusver was ons fokus rede individueel. Hoe sal ons kerke anders lyk wanneer ons besef dat ons as Christene eintlik swak en broos is - kleipotte wat die skat van Christus koester? Hoe sal dit daadwerklik lyk? Dink aan besluite wat julle gemeente dalk onlangs moes maak; of hoe julle jul erediens inrig? Wat sou anders wees; wat sou julle anders toe? Hoe sou geld en ander hulpbronne bestuur word wanneer ons kies vir broosheid, eerder as mag en sekerheid?

**SAAMVAT**

Hoe kan julle in die week wat kom daadwerklik meer waag in julle broosheid en swakheid? Hoe sal jou optrede anders lyk as jy strewe na broosheid, eerder as mag, guns en welvaart by die huis; tussen jou vriende; by die werk?

**NOTAS**

_____

_____

_____

_____

_____

_____

# WEEK 4: AMBASSADEURS VAN VERSOENING

## 2 Korintiërs 5:11-21

(Daar sal op Sondag 13 Februarie oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**

1.Gesels oor die hoogtepunte en/of laagtepunte van die afgelope week.
2.Dink jy versoening is moontlik in ons verdeelde wêreld? Hoe sou dit lyk?

**GEBED**

Steek soos gewoonlik die kers aan en laat iemand vandag se gesprek aan die Here opdra.

**SKRIFLESING**

Lees 2 Korintiërs 5: 11-21 rustig deur.

**AGTERGROND**

Toe ons jonk was, was ons dalk nog naief genoeg om te dink ons kan konflik en kwaai vriende vermy. Dan op ‘n dag besef ons daar is mense met wie ons nie meer klaarkom nie. Paulus het geweet hoe dit voel. Hy het ‘n goeie ervaring in die gemeente van Korinte gehad. Hy was lief vir die mense en het elke dag vir hulle gebid. Dit moes dus vir hom ‘n groot skok gewees het toe hy agterkom daar is mense wat sy werk en bedoelinge as apostel in twyfel trek. Daarom moes Paulus homself en die evangelie verduidelik aan die einde van 2 Korintiërs 5. Die fokuspunt van hierdie gedeelte is versoening. Deur genade alleen en as gevolg van Jesus, het God ons met Godself versoen. Versoening word dus die lens waardeur ons na alles en almal kyk. So word ons dan ook gesante (ambassadeurs) van die versoening wat ons van God ontvang het. Versoening het dus ‘n vertikale dimensie, tussen ons en God, sowel as ‘n horisontale dimensie, tussen ons en ander. Daar gaan altyd vervreemding tussen mense wees. In families, gemeentes, besighede en samelewings gebeur dit. Maar die evangelie is God se harde en duidelike “nee” wat hierdie vervreemding nooit sal aanvaar nie. Dus: aanvaar die versoening wat God bewerk het en gaan leef dan as ambassadeurs van hierdie versoening.

**DINK**

Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit?

**DELF**

1.Wat beteken dit om met God versoen te wees? Hoekom het ons dit nodig?

2.Paulus skryf, die ou mens is verby, die nuwe het gekom. Wat is die implikasies daarvan?

3.Watter verskil maak dit om na ander te kyk deur die lens van versoening? Wie is die mense in jou lewe na wie jy so moet kyk?

4.Wat sal dit beteken om 'n ambassadeur van versoening vandag in jou plaaslike gemeenskap en in Suid-Afrika te wees?

5.Gesels oor hierdie aanhaling deur Aartsbiskop Desmond Tutu: "Forgiving and being reconciled to our enemies or our loved ones are not about pretending that things are other than they are. It is not about patting one another on the back and turning a blind eye to the wrong. True reconciliation exposes the awfulness, the abuse, the hurt, the truth."

**SAAMVAT**

Wat het vir jou uitgestaan van vandag se gesprek? Het jy tot enige ander insigte gekom? Hoe kan jy hierdie week die boodskap van versoening gaan uitleef?

**NOTAS**

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

# WEEK 5: 'N LEWE VOL PARADOKSE

## 2 Korintiërs 6:1-13

(Daar sal op Sondag 20 Februarie oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**
Hoe sal jy genade en die implikasies daarvan aan iemand verduidelik?

**GEBED**
Steek soos gewoonlik die kers aan en laat iemand vandag se gesprek aan die Here opdra.

**SKRIFLESING**
Lees2 Korintiërs 6:1-13 rustig deur.

**AGTERGROND**
Hoekom hanteer Christene, wat die genade van God ontvang het, mekaar somtyds met so min genade? Dit is dalk waaraan Paulus gedink het toe hy verse 11-13 geskryf het. Om dit te verstaan moet ons teruggaan na vers 1 waar Paulus skryf, "sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie." Met ander woorde, as God se genade regtig 'n vastrapplek in julle harte gekry het, dan moet dit ook in julle lewens wys. Dan sal julle harte oop wees, nie geslote nie. Maar dit is nie maklik nie. Daarom, tussen hierdie twee gedeeltes noem Paulus 'n lys van beproewings en swaarkry wat hy en sy medewerker ter wille van die evangelie beleef het (vers 3-10). Maar hy verduidelik ook hoe om daarop te reageer. Eerstens, vir die evangelie om geloofwaardig te wees, moet die lewe van gelowiges geloofwaardig wees (vers 3-7). Tweedens, moet gelowiges vrede maak met die paradokse en die broosheid van die Christelike lewe (vers 8-10). Hierdie wete maak dit vir Paulus moontlik om later in 2 Korintiërs 12: 10 te verklaar: "as ek swak is, is ek sterk."

**DINK**
Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit?

**DELF**
1.Hoe lyk dit wanneer ons die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie? En hoe lyk dit wanneer dit wel tevergeefs ontvang (of gemaak) word? Dink hieroor ook in die lig van verse 11-13.

2.Kyk weer na verse 3-7 en gesels oor hoe 'n geloofwaardige lewe lyk. Die Suid-Afrikaanse teoloog, David Bosch, skryf die gelowige se lewe is soos 'n rolprentskerm waarop Christus se beeld geprojekteer word. Hoe sal dit neerslag vind in jou alledaagse lewe? En wat is die implikasies vir ons gemeentes?

3.Wat leer ons oor die Christelike lewe uit die lys van paradokse (verse 8-10)? Wat is jou ervaring hiervan?

4.Gesels oor hierdie gedagte. Deur die ontberings te noem, bevestig Paulus ook sy menslikheid, broosheid en kwesbaarheid. Hieroor skryf David Bosch: "Without the weakness which his opponents deride, there can be no real apostolic ministry and no true proclamation of Christ. The church is not made up of spiritual giants: only broken people can lead others to the cross."

5.Net soos vreugde is broosheid en kwesbaarheid ook deel van die Christelike lewe. Hoe reageer mense gewoonlik daarop? Hoe lyk 'n lewe wat albei hierdie aspekte ernstig neem?

**SAAMVAT**
Wat het vir jou uitgestaan van vandag se gesprek? Het jy tot enige ander insigte gekom? Hoe gaan jy in die week sorg dat die genade nie tevergeefs is nie?

**NOTAS**

_____

_____

_____

_____

_____

# WEEK 6: 'N OMMEKEER VAN HART

## 2 Korintiërs 7:2-15

(Daar sal op Sondag 27 Februarie oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**

Gesels saam oor julle week. Was jy hierdie week in 'n konflik situasie betrokke of het jy dalk 'n potensiële konfliksituasie vermy? Hoe het dit jou laat voel?

Wat het vir jou uitgestaan in die afgelope Sondag se preek oor bogenoemde teksgedeelte?
Wat het jou uitgedaag of ontwrig?

**GEBED**

Steek 'n kers aan. Gee 'n oomblik van stilte. Vra iemand uit die groep om vir julle die ontmoeting te open.

**SKRIFLESING**

Lees 2 Korintiërs 7:2-15 rustig deur. Julle kan dit selfs uit meer as een vertaling lees.

**AGTERGROND**

In hoofstuk 2 en 5 het ons reeds te doen gehad met die konflik wat tussen Paulus en die gemeente van Korinte ontstaan het as gevolg van die sogenaamde "super-apostels." Hy stuur die "tranebrief" waarna in 2 Kor 2:4 verwys word saam met Titus maar weet nie wat hul reaksie op die brief gaan wees nie en wag angstig op Titus se terugkeer. Hier in hoofstuk 7 vertel hy dan hoe dankbaar en verlig hy was met Titus se terugkeer om te hoor dat die gemeente 'n ommekeer van hart gehad het en dat die verhouding met ander woorde herstel is. Sy skrywe veroorsaak wel hartseer en droefheid by die gemeente, maar hy is versigtig om te verduidelik dat alhoewel hy jammer is oor die droefheid, hy nie jammer is oor die gevolge van die droefheid nie, juis omdat dit 'n Goddelike droefheid is en nie 'n wêreldse droefheid.

-Goddelike droefheid word deur God self bewerkstellig en veroorsaak 'n metanoia of ommekeer van hart en dade.

-Wêreldse droefheid is wanneer jy hartseer is dat jy uitgevang is, maar nie soseer hartseer oor die daad nie. "It does not hate the sin, but regrets the fact that the sinner got into trouble."

Uit hierdie skrywe leer ons 'n paar dinge by Paulus se manier van konflik hantering.
1. Hy kies nie om die konflik te vermy of niks te doen nie. Hy tree vinnig op. Eers deur die besoek en dan deur die brief saam met Titus te stuur.
2. Hy vind nie vreugde daarin om die gemeente op hul foute te wys nie en is met tye onseker of dit die regte ding was om te doen.
3. Die doel van die brief (konflik hantering) is nie om bloot die ander op hul foute te wys en hul daaroor bedroef te maak nie. Die doel is 'n ommekeer van hart en gedagtes te bewerkstellig sodat hulle hul volle potensiaal in Christus kan bereik.

**DINK**
Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit? Is daar dalk iets wat jy steeds nie verstaan nie?

**DELF**
1. Is jy iemand wat konflik konfronteer, of vermy jy dit eerder ten alle koste? Wat maak die hantering van konflik, veral in goeie verhoudings, so moeilik?

2. In vers begin Paulus deur te vra: "Maak vir ons plek in julle harte." Of uit die meer letterlike 2020 vertaling: "Maak vir ons ruimte." Hoe help die idee van 'ruimte' jou om te dink oor konflik? Watter leidrade kry jy uit hierdie prentjie of woord oor hoe om konflik te hanteer?

3. Hoe help die idee van Goddelike vs. Wêreldse droefheid (vers 10) jou om oor die uitkoms van konflik te dink? Gesels verder oor die praktiese verskille tussen die twee.

4. Watter "droefheid", soos hierbo beskryf, beleef jy in jou eie lewe? Sou jy dit as Goddelike of wêreldse droefheid beskryf? Een manier om dit te bepaal is om jouself te vra wat jy graag wil hê die uitkoms aan die einde van die proses moet wees.

5. Wat leer jy oor leierskap in die manier wat Paulus kies om die konflik aan te spreek?

**SAAMVAT**
Wat het vir jou uitgestaan van vandag se gesprek? Het jy tot enige ander insigte gekom? Is daar iets wat jy nou anders moet gaan doen?

# WEEK 7: KOMPETEER MET JOU SWAKHEDE

## 2 Korintiërs 12:1-10

(Daar sal op Sondag 6 Maart oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

**ONTMOET**
Gesels oor ten minste een van hierdie vrae:
Praat/dink oor jou week. Wat was die hoogtepunt en wat was die laagtepunt?

Waar het jy die afgelope week vir God raakgesien?

Praat oor 'n oomblik hierdie week waar jy jouself met iemand anders vergelyk het.

Wat het vir jou uitgestaan in die afgelope Sondag se preek oor bogenoemde teksgedeelte?
Wat het jou uitgedaag of ontwrig?

**GEBED**
Vra iemand om vandag se gesprek aan die Here op te dra.

**SKRIFLESING**
Lees 2 Korintiërs 12:1-10 rustig deur. Julle kan dit selfs uit meer as een vertaling lees.

**AGTERGROND**
Die onderliggende kwessie van Hoofstuk 12 bly die spanning tussen Paulus en die gemeente oor Paulus se outoriteit en kredietwaardigheid teenoor die van die super-apostels. Die versoeking is daar, om soos die super-apostels, te vertel en aanspraak te maak op die bonatuurlike ervarings en ontmoetings wat Paulus gehad het. Hy verwys na 'n man wat opgeneem is na die derde hemel (dit is waar God woon volgens die tyd se denke) om in naby kontak met God te wees. Paulus praat hier van homself maar verbloem dit so, juis om te wys dat dit nie die dinge is wat van belang is nie. Hy kies om op 'n ander manier te kompeteer – met sy swakhede. Iets wat heel moontlik verregaande sou klink om te doen vir hierdie super-apostels.

Dit was ook nie altyd vir Paulus duidelik dat hierdie swakheid, iets is om mee te kompeteer nie. Hy het die Here drie keer gevra om dit van hom weg te neem. Hy leer egter mettertyd dat hierdie doring dalk voel asof dit in die pad van sy bediening staan, maar dat dit inteendeel vir Hom meer afhanklik maak van God se genade en daarom juis in diens van sy bediening is. Die antwoord is dus iets heel anders as wat hy verwag het: My genade is vir jou genoeg. By hierdie genade word als ingesluit wat hy werklik nodig het vir sy bediening – eintlik als wat hy nodig het om volgeling van Christus te wees. Daarom roem hy eerder in sy swakhede. Dit sluit aan by Filippense 4:13 – "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

**DINK**

Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit?

**DELF**

1. Waarmee / wie vergelyk jy jou geestelike lewe? Hoekom kies jy om jou met daardie mense of groep of kerk te vergelyk?

2. Wat dink julle gee ware geestelike outoriteit? Hoe onderskei ons tussen ware en valse profete? Wie moet ons toelaat om ons te beïnvloed?

3. Wat sou jou reaksie gewees het wanneer jy te doen kry met misbruik van geestelike mag, soos dit waarmee Paulus en die gemeente van Korinte gekonfronteer is?

4. Paulus het aanvanklik gedink dat hierdie doring iets is wat eers weggeneem moet word voor hy volledig kan bedien. Hy sou dit dus as 'n verskoning kon gebruik om niks te doen nie. Wat is jou verskonings vir wat in die pad staan van jou bediening?

5. Hoe is Paulus se verstaan van swakheid anders as ons Westerse verstaan. Praat oor die woord kwesbaarheid / vulnerability. Hoe kan 'n houding van kwesbaarheid, dienend wees in 'n verhouding of in 'n bediening?

**SAAMVAT**

Wat het vir jou uitgestaan van vandag se gesprek? Het jy tot enige ander insigte gekom? Is daar iets wat jy nou anders moet gaan doen?

## NOTAS

**NOTAS**